SEKONDêRE LEERLINGE

# DIE HUIDIGE STAND VAN DIE VAK GESKIEDENIS OP SKOOLVLAK IN BLANKE HOëRSKOLE IN DIE RSA

*Dr HJ Breytenbach (Departement Kommunikasiekunde)*
*Prof SL Barnard (Departement Geskiedenis)*
*U O V S*

## Navorsingsopdrag

Die huidige stand van die vak Geskiedenis op skoolvlak in blanke hoërskole in die RSA wek kommer. In die laaste paar dekades was daar in al vier provinsies 'n stelselmatige daling in die persentasie leerlinge wat die vak in st. 10 aanbied. In die veertigerjare was die matrieks wat Geskiedenis as vak landswyd aangebied het so hoog as 80%. Teen 1987 het dit tot so laag as 20% gedaal. Die posisie was van so 'n aard dat die Komitee van Onderwyshoofde (K.O.D.) versoek het dat 'n ondersoek na die stand van Geskiedenis as onderrigvak op skoolvlak binne blanke skole in die RSA onderneem moet word. Hierdie ondersoek is deur die Kurrikulumkomitee vir Geskiedenis in samewerking met individuele lede van twee departemente, naamlik Geskiedenis en Kommunikasiekunde aan die Universiteit van die OVS, gedoen. Enkele van die bevindinge van die ondersoek word hier gerapporteer.

## Steekproef

Vraelyste is aan 100 skole gestuur (OVS 9 skole; Natal 16 skole; Kaapprovinsie 34 skole en Transvaal 41 skole). Die totale aantal vraelyste aan leerlinge en onderwysers was 6500 waarvan 59,5% terug ontvang is.

## ST. 8-LEERLINGE WAT NIE GESKIEDENIS AS SKOOLVAK NEEM NIE

### Demografiese faktore

Weens die samestelling van die steekproef was 37,0% (N=461) van die respondente van Transvaal, 32,8% (N=409) van Kaapland, 18,0% (N=225) van Natal en 12,2% (N=152) van die Vrystaat. Die oorgrote meerderheid 70,3% (N=867) was stedelinge wat in staatskole 83,7% (N=1039) skoolgegaan het. Daar was 'n eweredige verspreiding van respondente wat hulle skoolonderrig deur medium Afrikaans ontvang, 49,4% (N=612), en diegene wat dit deur medium Engels ontvang het 50,1% (N=621).

### Onderwysers se rol in leerlinge se besluit

Dit wil voorkom asof veral die feit dat een of meer Geskiedenisonderwysers voor standerd 8 die vak só aangebied het dat die respondente belangstelling daarin verloor het as 'n redelik belangrike tot baie belangrike rede deur 29,6% van die respondente aangegee is waarom hulle besluit het om nie met Geskiedenis as skoolvak aan te gaan nie.

### Ander faktore se rol in hulle besluit

'n Aantal insiggewende bevindinge het uit die ondersoek na vore gekom, naamlik dat die meerderheid respondente (53,5%) Geskiedenis tot en met st. 7 interessant gevind het; dat die vak nie net die memorisering van feite is nie, maar ook insig en begrip (58,8%) vereis en dat Geskiedenis hulle help om die huidige politieke situasie beter te begryp (59,4%).

Uit die ondersoek kan ook afgelei word dat die meerderheid respondente (58,1%) aangedui het dat die feit dat sekere afdelings van die sillabus sekere jare herhaal is, nie 'n groot oorweging was waarom hulle besluit het om nie Geskiedenis te neem nie. Die meerderheid (52,8%) reken dat Geskiedenis meer tyd as ander leervakke in beslag neem en ook meer skryfwerk as ander vakke het (73,0%); dat hulle nie van Geskiedenisopstelle en -werkstukke hou nie (69,3%); dat Geskiedenis meer leerwerk as ander leervakke het (66,8%); dat Geskiedenis 'n moeilike vak is om hoë punte in te

behaal (61,0%); dat nie net feite wat net so in die eksamen weergegee is, ál is wat gemerk is nie (53,2%); dat hulle nie daarvan hou om volksfeeste by te woon nie (49,5%), dat die skool nie juis aanmoediging bied om leerlinge Geskiedenis te laat neem nie (54,4%) en ook nie toere, ensovoorts onderneem nie (50,5%). Dit blyk ook dat die meerderheid nie deur Geskiedenis beïnvloed is om 'n bepaalde partypolitieke standpunt in te neem nie (63,3%).

Dit blyk dat die meerderheid respondente (55,1%) reken dat Geskiedenis nie 'n wye keuse van beroepsmoontlikhede bied nie, dat die meerderheid respondente (56,2%) wat nie nou Geskiedenis neem nie dit wel sou neem indien dit hulle beroepsvooruitsigte sou verbeter en dat bykans 'n driekwart (73,9%) van die respondente aangedui het dat die elektroniese massamedia niks te make gehad het met hulle keuse om nie Geskiedenis te neem nie.

**Belangrikste rede waarom Geskiedenis nie geneem word nie**

Die belangrikste redes waarom die leerlinge nie Geskiedenis neem nie, was die volgende:

* Die vak is oninteressant, hou nie van die vak nie, het 'n negatiewe houding jeens Geskiedenis, stel nie belang nie 29,5%
* Bied beperkte loopbaankeuses 23,5%
* Verkies 'n ander vak bo Geskiedenis 14,3%
* Té veel leerwerk 12,2%

Bykans een derde (29,5%) van die respondente het 'n rede wat moontlik met 'n gesindheid jeens die vak te make mag hê opgegee as die belangrikste oorweging waarom hulle nie Geskiedenis neem nie. Dit is moontlik dat die volgende belangrikste redes, naamlik loopbaankeuses en vakvoorkeure, ook verband kan hou met die respondente se gesindheid.

**Vergelyking tussen groepe**

Omdat die ligging van skole (stad teenoor platteland), asook die aard van die skole en die taal waarin die respondente onderrig ontvang moontlik 'n rol kon speel in die wyse waarop hulle op sekere veranderlikes gerespondeer het, is chi-kwadraatanalises (X2) op van die veranderlikes uitgevoer. Enkele van die resultate word gerapporteer.

Dit was op 'n hoogs beduidende vlak belangriker vir die plattelandse respondente as vir die stedelike respondente (X2=11,50; v.g.=3; N=486; p=0,009) om ag te slaan op hulle ouers en/of familielede wat hulle afgeraai het om Geskiedenis te neem.

Dit was ook beduidend meer van belang vir die plattelandse respondente as vir die stedelike respondente indien hulle maats nie Geskiedenis as vak neem nie (X2=9,39; v.g.=3; N=425; p=0,02).

Hierteenoor is meer stadsrespondente negatief beïnvloed deur die feit dat sekere afdelings van die werk in opeenvolgende jare tot en met st. 7 herhaal is (X2=11, 12; v.g.=4; N=1231; p=0,02). Die plattelandse respondente was meer eensgesind dat Geskiedenis nie slegs die memorisering van feite behels nie, maar ook kennis en insig vereis (X2=10,40; v.g.=4; N-1228; p=0,03).

Respondente van plattelandse skole het ook minder belanggestel in die Geskiedenis van ander bevolkingsgroepe as respondente van stedelike skole (X2=11,55; v.g.=4; N=1228; p=0,02).

Dit wil voorkom asof plattelandse respondente ook beduidend van stedelike respondente verskil ten opsigte van volksfeeste. Hulle was meer geneig om saam te stem dat hulle van volksfeeste hou (X2=12,44; v.g.-4; N-1224; p=0,01) en dat hulle skool deelname aan volksfeeste aanmoedig (X2=10,18; v.g.=4; N=1227; p=0,03).

Stedelike respondente wat nie Geskiedenis neem nie, was meer bereid om Geskiedenis te neem as die plattelandse respondente indien dit tot 'n groot verskeidenheid van werkgeleenthede en goeie vergoedingspakkette sou kon lei (X2=7,86; v.g.=2; N=1219; p=0,01).

**ST. 10-LEERLINGE WAT WEL GESKIEDENIS AS SKOOLVAK NEEM**

**Demografiese faktore**

Weens die samestelling van die steekproef was 38,2% (N=467) van die respondente van Transvaal, 32,5% (n=387) van Kaapland, 16,9% (N=201) van Natal en 11,5% (N=137) van die Vrystaat. Die oorgrote meerderheid (72,9%; N=865) was stedelinge wat in staatskole skoolgegaan het. Die verspreiding van respondente wat hulle

skoolonderrig deur medium Afrikaans ontvang het en diegene wat dit deur medium Engels ontvang het, was onderskeidelik 43,1% (N=510) en 56,7% (N=671).

**Onderwysers se rol in leerlinge se besluit**

Dit wil voorkom asof veral die feit dat een of meer Geskiedenisonderwysers voor standerd 8 die vak só aangebied het dat die respondente se belangstelling daarin aangewakker is, as 'n redelik belangrike tot baie belangrike rede aangegee is waarom hulle besluit het om met die vak voort te gaan.

**Ander faktore se rol by besluitneming**

Die oorgrote meerderheid (79,5%) het aangedui dat hulle reken dat Geskiedenis 'n verpligte vak tot en met st. 7 moet wees, terwyl slegs 6,7% van die respondente van mening was dat die vak tot en met st. 10 verpligtend moet wees. Die helfte (50,0%) van die respondente was seker dat hulle verder aan 'n universiteit sou gaan studeer, terwyl 20,7% van hierdie respondente aangedui het dat hulle Geskiedenis as vak op universiteit gaan neem.

Dit blyk ook dat die meerderheid respondente (78,5%) reken dat indien Geskiedenis tot 'n wye keuse van beroepsmoontlikhede sou lei, meer leerlinge dit sou neem. 'n Hoë persentasie (68,6%) het aangedui dat die elektroniese massamedia niks te make gehad het met hulle keuse om Geskiedenis te neem nie.

**Belangrike redes waarom Geskiedenis geneem word:**

| | |
|---|---|
| * Die vak is interessant, geniet die vak, stel belang in die vak | 64,7% |
| * Vakkeuse laat geen ander keuse nie | 10,4% |
| * Verkies Geskiedenis bo ander vak | 7,9% |
| * Presteer goed in leervakke | 5,7% |
| * Ter wille van loopbaankeuse | 4,7% |

Bykans twee derdes (64,7%) van die respondente het 'n faktor wat moontlik met 'n gesindheid jeens die vak te make mag hê, opgegee as die belangrikste rede waarom hulle Geskiedenis geneem het.

Dit was opvallend dat slegs 36,2% van die respondente aangedui het dat hulle weer Geskiedenis sou neem indien hulle vandag weer 'n keuse gehad het; 44,5% sou dit nie weer neem nie, terwyl 19,3% onseker was. Respondente wat aangedui het dat hulle nie weer Geskiedenis sou neem nie, het die volgende aangevoer as die belangrikste redes waarom nie: Té veel leerwerk (34,5%); die vak is oninteressant/irrelevant (33,3%); sillabusinhoud (20,6%); metode van aanbieding (3,6%) en ander redes (7,0%).

**Die Geskiedeniswerkstuk**

Dit blyk dat 44,6% van die respondente verplig was om 'n Geskiedeniswerkstuk te voltooi wat vir punte in die st. 10-eindeksamen tel. Van die 55,4% respondente wat nie hierdie verpligtinge gehad het nie, het 37,3% aangedui dat hulle graag so 'n werkstuk sou wou doen terwyl 21,1% onseker hieromtrent was. Van die 44,6%) respondente wat die verpligte werkstuk moet voltooi, is 52,6% van mening dat die werkstuk meer punte in die eindeksamen moet tel (12,6% was onseker), terwyl slegs 17,7% gereken het dat die werkstuk glad nie vir die eindeksamen behoort te tel nie (9,2% was onseker). Van die 44,6% respondente was 21,2% die mening toegedaan dat die werkstuk in sy geheel uit die sillabus verwyder behoort te word (11,5% respondente was onseker).

Slegs 14,8% van die Kaaplandse kandidate en 31,5% van die Transvaalse teenoor die 97,0% van die Natalse en 95,5% van die Vrystaatse respondente was verplig om 'n Geskiedeniswerkstuk te voltooi wat punte vir die eindeksamen sou tel. Van die Kaaplandse en Transvaalse respondente wat nie 'n werkstuk moes doen nie, het onderskeidelik 33,8% en 41,2% 'n aanduiding gegee dat hulle so 'n werkstuk sou wou doen.

Onder respondente wat aangedui het dat hulle nie verplig was om 'n Geskiedeniswerkstuk vir punte te voltooi nie, was daar min of meer eenstemmigheid tussen die twee taalgroepe dat hulle eerder nie so 'n werkstuk sou wou doen nie (X2-0,15; v.g.=2; N=659; p=0,92). Hoogs beduidend meer Engelssprekende respondente het aangedui dat hulle verder aan 'n universiteit gaan studeer (X2-9,82; v.g.=2; N=1177; p=0,007), terwyl beduidend meer Engelssprekende respondente Geskiedenis as vak op universiteit gaan neem (X2=6,68; v.g.=2; N=662; p=0,03).

**Vergelyking tussen groepe**

Omdat die ligging van skole (platteland teenoor stad), asook die aard van die skole en die taal waarin die respondente onderrig ontvang, moontlik 'n rol kon speel in die wyse waarop hulle op sekere veranderlikes gerespondeer het, is chi-kwadraatanalises (X2) op van die veranderlikes uitgevoer. Slegs enkele resultate word gerapporteer.

Hoogs beduidend meer stedelike respondente het aangedui dat hulle nie weer Geskiedenis as vak tot en met st. 10 sou kies nie (X2=29,74; v.g.=1; p=0,000).

Privaatskool-respondente was beduidend meer geneig as respondente van staatskole om aan te dui dat hulle nie weer Geskiedenis as vak sou neem as hulle weer kon kies nie (X2=71,35; v.g.=1; N=947; p=0,000).

Engelssprekende respondente was op 'n hoogs beduidende vlak meer geneig om aan te dui dat hulle nie weer Geskiedenis as vak sou kies indien hulle weer sou kon kies nie (X2=364,01; v.g.=1; p=0,000).

## ONDERWYSPERSONEEL WAT GESKIEDENIS AANBIED

**Demografies**

Die manlike (48,4%; N-92) en vroulike (51,6%; N=98) respondente was redelik eweredig versprei terwyl die meerderheid (50,5%) Afrikaanssprekend was en 43,2% Engelssprekend. Respondente uit die onderskeie provinsies was soos volg versprei: Transvaal (40,8%), Kaapland (34,0%), Natal (13,6%) en die OVS (11,5%). Die meerderheid (71,6%) hou in stedelike gebiede skool by gewone skole (80,096) en onderrig in Engels (60,09%). Die gemiddelde ouderdom van die responsgroep (N=191) was net oor die 37 jaar met 'n modus van 38 jaar.

**Redes waarom leerlinge Geskiedenis neem/nie neem nie**

Die meerderheid onderwysers (56,8%) het as die belangrikste rede waarom leerlinge na st. 7 Geskiedenis neem, aangevoer dat die vak vir die leerlinge interessant is, dat hulle dit geniet en dat dit hulle belangstelling was. Ander redes wat aangevoer is, was die volgende: Neem Geskiedenis omdat die ander keuses te moeilik is (15,3%); ander redes (12,0%); vakkeuses maak dit nie moontlik nie (8,7%) en redes wat met die onderwyser te make het (7,1%).

Die belangrikste enkele rede wat die onderwysers aangevoer het waarom leerlinge ná st. 7 nie Geskiedenis neem nie, was soos volg: Vakinhoudelik té veel feite en leerwerk (43,7%); beperkte beroepsmoontlikhede (27,3%); vak in oninteressant, vervelig; leerlinge stel nie belang nie (17,5%); ander redes (7,7%) en redes wat met die onderwyser te make het (3,8%).

Op 'n vraag of die onderwyser 'n leerling sou aanraai om met Geskiedenis voort te gaan indien die leerling hom/haar vertroulik sou vra, was die response soos volg: Onvoorwaardelik ja: 38,6%; ja, met sekere voorbehoude: 54,0%; onseker: 5,3% en nee: 2,1%. Diegene wat glad nie 'n leerling sou aanraai om Geskiedenis te neem nie, het ewe veel as rede aangevoer vakinhoude en beperkte beroepsmoontlikhede.

Die belangrikste redes, volgens die respondente, waarom leerlinge nie Geskiedenis tot in standerd tien neem nie, was die volgende: Geskiedenis bied te min werkgeleenthede (28,3%). Diegene wat nie werkgeleenthede as rede een genoem het nie, het dit as tweede belangrikste rede aangegee (16,7%), terwyl dit ook as die derde belangrikste rede aangegee is (20,7%) deur diegene wat dit nie as rede een of twee genoem het nie.

**Inligting omtrent die onderwyser en die skool**

Die oorgrote meerderheid respondente (68,7%) het 'n B.A.-graad in 'n kultuurrigting; 7,8% het 'n B.A.-graad in 'n professionele rigting en 23,5% het 'n onderwysgerigte graad of diploma.

Die meeste respondente (66,7%) het al in die verlede Geskiedenis vir st. 10 aangebied.

Van die respondente was 24,2% departementshoofde; 5,5% adjunkhoofde; 1,1% senior adjunkhoofde; 3,8% skoolhoofde; 49,5% gewone onderwysers terwyl 15,9% 'n ander rang beklee het. Die meerderheid respondente (55,3%) het nog geen meriete toekenning ontvang nie; 18,2% het een ontvang; 11,2% het twee ontvang terwyl 15,3% reeds drie ontvang het. Die gemiddelde onderwyservaring was net meer as 13 jaar terwyl die gemiddelde ervaring in Geskiedenisonderrig net meer as tien jaar was met 'n modus van een jaar (11,4%).

## Gesindhede teenoor Geskiedenis as skoolvak

Respondente is gevra om 'n aanduiding te gee van wat hulle meen die gesindheid van onderwyser-voorligter jeens Geskiedenis is. Hoewel die meerderheid (53,5%) reken sy/haar gesindheid is positief was dit egter opvallend dat bykans 11% van die onderwyser-voorligters as negatief tot baie negatief deur die respondente ervaar is.

Die 3.2% onderwysers wat aangedui het dat hulle self negatief teenoor Geskiedenis as onderrigvak op skool is, is verder gevra om die drie belangrikste redes te gee waarom hulle die bepaalde gesindheid openbaar. Heelwat (40,0%) van die respondente het oorlaaide sillabusse as die belangrikste rede genoem; 33,3% het verouderde sillabusinhoude as die tweede belangrikste rede genoem, terwyl té erg uitgebreide en gedetailleerde skema- en verslagboeke deur 25% van die respondente as die derde belangrikste rede geïdentifiseer is.

## Die Geskiedeniswerkstuk

Respondente wat aangedui het dat hulle al wel Geskiedenis vir st. 10 aangebied het en skoolhou in 'n skool waar 'n werkstuk wat in die eindeksamen in st. 10 nie verpligtend is nie (67,7%), se opinie oor aspekte van die werkstuk is getoets. Die meerderheid van hierdie respondente (56,5%) was nie ten gunste daarvan dat st. 10-leerlinge wel so 'n werkstuk doen nie. Diegene wat ten gunste daarvan was dat hulle 'n werkstuk doen (32,3%), is gevra of hulle reken die werkstuk moet meer punte in die eindeksamen tel. Van hierdie respondente was 7,1% onseker, 48,2% was nie ten gunste daarvan nie en 44,7% was wel ten gunste van so-iets. Op 'n stelling dat die werkstuk glad nie vir die eindeksamen moet tel nie, was 3,8% onseker, 75,5% het nie met die stelling saamgestem nie terwyl 20,8% saamgestem het. 'n Minderheid respondente (23,1%) was ten gunste daarvan dat die werkstuk in sy geheel uit die sillabus verwyder behoort te word.

## Toekoms van Geskiedenis

Die meeste onderwysers (87,7%) was van mening dat meer leerlinge die vak sal kies indien dit kan lei tot 'n verskeidenheid werkgeleenthede en goeie vergoeding. Die meeste (88,2%) het die standpunt gehuldig dat Geskiedenis tot en met standerd sewe verpligtend moet wees terwyl slegs 26,7% reken dat die vak tot standerd tien verpligtend behoort te wees.

## Vergelyking tussen groepe

Die moontlikheid bestaan dat daar verskille kan wees tussen die response van verskillende groepe onderwysers. Om te bepaal of hierdie verskille wel bestaan, is chi-kwadraatanalises (X2) op van die veranderlikes gedoen. Slegs enkele resultate word gerapporteer.
Heelwat onderwysers wat deur medium Afrikaans onderrig (55,3%; N=47), was van mening dat Geskiedenis op hoërskoolvlak absoluut noodsaaklik is. Onderwysers wat deur medium Engels onderrig (50,5%; N=51), was van mening dat dit wenslik is.

Wat betref geslag was daar min beduidende verskille. Dit blyk egter dat meer manlike respondente reken dat die skool waaraan hulle verbonde is leerlinge aanmoedig om volksfeeste by te woon (X2=10,30; v.g.=4; N=188; p=0,03). Meer manlike respondente het al Geskiedenis tot st. 10 aangebied (X2=19, 18; v.g.=1; N=188; p=0,000). Meer vroulike respondente wat aan skole verbonde is waar 'n werkstuk nie verpligtend is nie, sou graag wou sien dat leerlinge wel so 'n werkstuk doen (X2=6,39; v.g.=1; N=85; p=0,01).

## SLOT

Hierdie databasisse is ontgin om te kan voldoen aan die opdrag van die Kurrikulumkomitee soos in die inleiding uiteengesit. Dit volg vanself dat heelwat afleidings en aanbevelings uit die resultate gemaak sal kan word. Die volledige verslag is beskikbaar by lede van die Kurrikulumkomitee of die navorsers.